

Nomades Voetslaanklub

Roete-terugvoer,

Rooikrans staproete

Basiskamp, Naweek stap : 20-22 Mei 2016.
Verena (via Bronkhorstspruit) / Loskopdam-Wes.
Mpumalanga.

(S25 29' 58.6" E29 09' 57.5" Afrdraai,
S25 30' 49.9" E29 10' 10.1" Kamp)

Wouter Crous, Jan & Corrie du Preez, Kobie Venter, Renee Crous, Grant Pieterse, Clarise Crous, Christa du Plooy, Elsabe During, Erna Lubbinge, Corrie van Rensburg, Ester de Castro, Marius Stander, Norma Grotius en Magda Grobler. 15 Persone Stap saam.

Vrydag middag daag die stappers op by Rooikrans staproete, die plaas van Pieter Bekker, Rietvallei. Ek het via Bronkhorstspruit(R25) en Verena gery en dit was so 130km vanaf Pretoria.

Die daar was 'n stukkie grondpad, maar heel billik. Daar is ook 'n lekker steil en nou sementpaadjie af in die kloof, maar enige voertuig sal dit kan doen, ry maar net mooi stadig en fokus. Dan is jy by die Rooikranskamp.



'n Netjiese steen gebou met sinkdak. 3 kamers wat 22, 14 en 6 op stapelbeddens slaap. Lekker dik matrasse met netjiese oortreksels. Mans en Dames ablusie apart met elk 3 storte en 3 privaat sitplekkies. Spoeltoilette. Warmwater per donkie wat vir ons gestook is. Die kamp het ligte van sononder tot so 22:00. Gasykas en twee 3-plaatgastofies. Bring net jou eie gasbottel vir die stofies. 'n Lekker grasdak lapa met stoele en tafels en 'n keuse tussen drie braaipekke. Netjies.



Saterdagoggend begin die hele groep om 8:00 te stap na die groefoto. Die km op die begin bord is nie heeltemal korek nie(foto heel bo).



Die voorgestelde opsies is om Groen("Job se kloof") te begin en dan aan die Blou("Witpenskloof") roete te bind om sowat 15.7km te stap. Daar is wel 'n 'kortpad' deur net die Groen te stap en dan is dit so 11.2km. So 6 persone het die korter opsie gekies, maar ons begin saam. 'n Entjie langs die spruit (wat soos die meeste ander lopies en watervalle op die roete heeltemal droog is). Dan oor ons eerste van vele stewige bruggies oor die lopies. Verby die Ruines, al oor die plat vlakke. Oor die Grootstoot en dan by die volgende bruggie waar die 'blou' lus aangaan, draai ons links af en oor die bruggie. Nou is op net op Groen. Deur klofies en verby mooi rotsformasies met bome en plante wat teen die hange vaskleef met geen opsigtelike grond vir hul wortels nie. Dan is ons teen die rantjie waar ons die sowat 200m begin styg. Op en Op. Nou



begin ons die staalpenne en kettings as 'handrelings' te kry. Dit maak dit heelwat makliker teen die skuins klippe uit. Uiteindelik Bo. Bietjie blaas by die 'Rusplekkie'. Dan op die plato bo kry ons die uitsigte op die Loskopdam en oor die groot plat vlakke daar onder waar ons netnou was. Ons sien ook heelwat van die Kandelaar plante teen die meer rotsagtige dele.



Verby die Ribbok kloofie, wat ook droog was en dan Baie gepas sien ons 'n groepie Ribbokkies teen die hange afbeweeg. Dan begin ons daal. 'n Bietjie van 'n avontuur met 'n Brandnetelboom wat oor die paadjie geval het en 'n paar mense nogal seer gemaak het. Onder die 'Rooikrans' verby en dan na nog 'n entjie af is ons by die punt waar die wat kort stap aanhou op die Groen merkers oor die vlakke die laaste sowat 2km tot by die kamp. Ons verwy! 'n tydjie hier en ek stook my tee-tjie. Almal geniet 'n middagete breek.



Die res van ons volg die nou die blou merkers in 'n volgende kloofie op. Witpenskloof. Mooi. Mooi en mooi. Self al is dit droog. Die moet ordes mooier wees as daar meer water en meer groen is. Dan sal jy ook die watervalle sien en op 'n paar plekke lekker kan swem ook. Oral is nou weer staalpenne en kettings en trappies, weer 'n paar bruggies. Op en Op. Weer 200m styging. Net as jy dink jy is bo, is dit nog op en op. Mooi uitsigte deur die digte groei van die kloof. Hier en daar 'n varing. Uiteindelik Bo. Vlakke. Uitsigte. Damsig. Vlakke sig. Grasvlakke. Aalwyne Groot en hoog. Matig Af en Af teen die kontoere af. 'n Lekker ontspanne af. En net as jy dink dit hou nooit op nie, oor nog 'n heining en dan skielik voor jou is 'Pieter se klip'. 'n Masiewe rotsformasie met 'n 'gang' onderdeur. Vreemd. 'Ada se kloof' met sy baie bruggies oor en dan is die kamp skielik by ons. Skoene uit. Ketel kook. Ontspan. Warm stort. Heerlik.






Ons braai weer die aand. Die dae is lekker en die die aand koel maar nie te koud nie. Dit raak net gou donker. Teen 20:00 is almal klaar gebrui en ge-eet. Bietjie saam kuier, marchsmellows eet en net wees.....

Sondag oggend is die stapgroep soos gewoonlik na 'n langstap die vorige dag heelwat kleiner. Somige lê bietjie in. Sommige het seer spiere en sommige sê hul moet studeer. Norma en CorrieVRB doen die Blou 'Witpenskloof' vandag. Die res wat vandag loop, doen die geel roete. Ons begin dieselfde stukkie as die vorige dag. Oor die Grootstoot, en bruggie. Dan draai geel af. Ver oor die vlakte. Maar tog mooi met die grasse en bome. Deur 'Somer se sloot'.



Dan oor die heining en ons begin Styg. Trappie vir trappie. Op en Op in die kloof. Dan 'n skielike regs swenk en al onder die kranse deur vir 'n tyd en dan die laaste entjie op tot op die plato. Lekker gerus en uitgekyk oor die vlakte daaaaar onder.

Weer 'n stukkie lekker plat stap bo-op die berg. En dan is die volgende kloof skielik voor ons. Ons gaan af. Steil maar die trappies maak dit maklik.




Middagete in die bos ge-eet. Rustig. Dan die laaste paar kilo's oor die vlakte, deur die Alwyn sirkel en terug verby die ruïnes. Sowat 11.2km vir die dag. 200 meter op en sowat 200m af.

Opgepak en ingepak. Berg-op met die skuins sementpaadjie en onder 2 ure se ry terug in Pretoria na 'n naweek van lekker kuier. Lekker bos. Lekker verskydenheid van vlakte, bome, ooptes, klowe, oppe en gelyktes. En Goeie geselskap. Goeie verblyf, maar nie te luuks nie. Kom gerus, veral as daar meer water is, maar probeer ook maar kom as dit nie te warm is nie. Die son gaan jou seermaak op die vlaktes.

Ons het direk Anvie Ventures bespreek. Sien <http://www.anvieventures.co.za>

Finansies (Ons vra per R290 per lid en R320 per nie-lid)

Inbetalings	: R4700.00
Roetefooi (R280x16 persone)	: R4480.00
Klublus fooie 16x(2xNieLede)	: R220.00
Uitbetalings	: R4690.00
Anvie (16 stappers @ 280 elk)	: R4480.00
Anvie besprekingsfooie	: R 50.00
Brikette (3 sakke)+Aanstekers)	: R 90.00
Hout (R40)& Gas(R35)	: R 70.00
Projek Surplus	: R 10.00



Vriendelike stapgroete

Marius Stander.

www.Nomades.co.za vir meer

stapverslae en Nomades se kontak inligting en jaarprogram.

MariusStanderPTA@gmail.com

